Maandag 21 September
Skrifgedeelte: Jakobus 5:7-12
Fokusgedeelte: Jakobus 5:7-12

## Om geduldig te volhard

Geduld is een van daardie kosbare eienskappe van God (Rom. 2:4) wat Hy deel met die mens wat na sy beeld geskape is. Natuurlik het die sondeval hierdie eienskap van God in die mens geskend, maar genadiglik nie vernietig nie! En daarom, alhoewel geduld nie meer van nature vir die mens bestaan nie, skenk God dit as 'n gawe van die Gees (Gal. 5:22) en steeds moet die mens voortdurend herinner word, en aangemoedig word, om geduldig te wees en geduldig te volhard.

Jakobus gebruik die baie treffende beeld van die boer wat geduldig moet wag vir die kosbare oes op die land. En daar is bepaalde merkers (die vroeë en die laat reëns) wat vir hom die teken gee dat die oes gereed is. Geduld vra dus 'n bepaalde gesindheid, waarvan kosbare tyd, duursame opoffering, vaste vertroue en onwrikbare oortuiging die merkers is. Hierdie gesindheid word afgerond met moed hou, positief bly, gelowig wag!

Is dit nie juis van die gesindheid van geduld wat ons lees van Job (1:22) en Jeremia (Jer. 15:15-21) en Elia (1 Kon. 18) en Esra (Esra 10:1-44) nie? En tóg is hulle maar net goeie voorbeelde, want die Een wat geduld geleef het, was ons Here Jesus. In al sy handelinge met mense, die sondaars, die siekes, diegene wat hartseer was en diegene wat hom vervolg en beledig het, het Hy die volmaakte geduld gehad. Tot aan die kruis roep Jesus oor die soldate uit: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"* (Luk. 23:34).

Ware, volhardende geduld het dus slegs waarde en betekenis wanneer dit gerig is op die Here, omdat Hy ons gebrekkige geduld voltooi!

*Sing: Psalm 147-1:1, 2, 5*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*